

DRAKENSVILLE

# TROUPORTEFEULJE

**Jou droomtroue in die Drakensberge**

ATKV Oorde Drakensville
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV OORDE



# 'N ONVERGEETLIKE DRAKENSBERGTROUE!

Sprokiestroues word 'n werklikheid by ATKV-Drakensville. Die pragtige sandsteenkapel met sy asemrowende uitsig oor die vallei is die perfekte plek om ewige troute beloof, en die ongeëwenaarde skoonheid van die Drakensberg maak 'n meesterstuk van elke foto. Ons onthaal fasiliteite en smullekker disse sal verseker dat die vreugdesvure tot laat in die nag brand!

## REG VIR DIE JA-WOORD?

**Jou spesiale dag moet een wees om te onthou. Aangesien elke funksie uniek is, bied ons 'n volledige diens, pasgemaak om in jou behoeftes te voorsien. Soos jy begin beplan, staan ons personeel reg om dit onvergeetlik en sorgeloos te maak.**

### KAPEL

Die kapel, wat tot en met 140 gaste kan akkommodeer, kan in die oggend of in die middag bespreek word. 'n Administrasiefooi van R123 is per bespreking betaalbaar.

- Slegs blomblare, seepborrels en skoenlappers sal toegelaat word as konfetti.
- Bykomende kwotasies vir blomme, drapering en kerse.
- Eie musiek en klank.

### ONTHAALSAAL

Die onthaalsaal kan tussen 30 en 250 gaste akkommodeer.

- Spyseniering alleenlik deur ATKV-Drakensville.
- Bykomende fooi vir drapering en dekor.

### VERBLYF VIR GASTE

- Gaste kan gehuisves word teen standaard ATKV-Drakensville-tariewe. Sien tarieflys.
- 'n Minimum van twee nagte kan oor 'n naweek bespreek word.

### ETE EN ONTHAAL

Ons standaard troupakket sluit in:

- Ronde tafels en stoele.
- Eetgerei en breekgoed.
- Glase.
- Dek en opruim van tafels.
- Drie spyskaartopsies om van te kies.
- 'n Persoonlike troukoordineerder.
- Kontantkroeg.
- Verblyf in een van ons ruim drieslaapkamerhuise.

### DIENSVERSKAFFERS

- Ons het 'n lang lys van diensverskaffers wat haarstiliste, grimeerkunstenaars, bloemiste en fotograwe insluit.
- Alle reelings, besprekings, betalings en kwotasies moet direk met hulle gereël word.







# ONS STEL 'N HEILDRONK IN!

**ATKV-Drakensville beskik oor 'n ten volle toegeruste kroeg en dit kan bedryf word as 'n kontantkroeg, of 'n rekening kan oopgemaak word. Julle is meer as welkom om 'n limiet daar te stel. Indien julle graag jul eie wyn wil verskaf, sal kurkgeld van R45 per bottel by jul rekening gevoeg word.**

- Die laaste rondte word om 23:30 bedien.
- Vir aandfunksies sluit die kroeg om 23:45.
- Alle uitstaande gelde vir die kroeg moet teen die einde van die funksie per kredietkaart of kontant betaal word.
- Alle drankies soos mineraalwater, koeldrank en vrugtesap, is nie ingesluit by die spyskaartkoste nie en 'n aparte rekening sal daarvoor oopgemaak word. Eie drinkgoed sal nie op die perseel toegelaat word nie, tensy spesifieke toestemming van die oordbestuurder verkry is.
- ATKV-Drakensville is 'n ten voile gelisensieerde instansie en geen alkoholiese drankies mag op die perseel toegelaat word indien dit nie by ons kroeg gekoop is nie.
- Pryse is onderhewig aan verandering sonder vooraf kennisgewing.

## ROOK

- ATKV-Drakensville is 'n rookvrye instansie. Moet asb. nie in die lokale rook nie.
- Rook-areas met asbakkies sal voorsien word.

# DRANKOPSIES

BEKLINK DIE BEGIN BEGIN VAN JUL GETROUDE LEWE MET DIE VOLGENDE OPSIES

Bestellings moet 14 dae voor die tyd geplaas word.

## VONKELWYN

Beskikbaar op aanvraag.

## VARS VRUGTESAP

- Lemoensap
- Tropiese pons
- Koejawelsap
- Veselperskesap.

## WYNLYS

Beskikbaar op aanvraag

## ANDER DRANKIES

- Sjerrie en vars vrugtesap
- Aarbeipons (alkoholies) en Vodka Sunrise (alkoholies).



# SMULLEKKER SPYSKAARTOPSIES

**HIERDIE KOSTE SLUIT DIE VOLGENDE IN:**
- Huur van die kapel
- Huur van die onthaallokaal
- Een sesslaapeenheid vir die bruid, vir twee nagte
- Een eenheid vir die bruidspaartjie vir die aand van die troue.



**Bederf jou gaste met jou keuses – Amfiteater-, Tugela- of Kerkenberg-spyskaart.**

## KIES SOOS VOLG

| | Amfiteater | Tugela | Kerkenberg |
|---|---|---|---|
| **Versnappering** | 1 | 0 | 1 |
| **Voorgereg** | 1 | 1 | 0 |
| **Hoofgereg** | 3 | 2 | 2 |
| **Stysel** | 2 | 2 | 2 |
| **Groente** | 2 | 2 | 1 |
| **Slaai** | 3 | 2 | 1 |
| **Nagereg** | 3 | 2 | 1 |

| Spyskaartopsie | Amfitheater | Tugela | Kerkenberg |
|---|---|---|---|
| **Volwassenes (per persoon)** | R818 | R661 | R532 |
| **Kinders 0/12 (per kind)** | R199 | R199 | R199 |

*1 Februarie 2023 - 28 Februarie 2024*



# ONTWERP JOU SPYSKAART

**Ons verstaan dat jou gaste 'n uiteenlopende groep mense is met verskillende smake en voorkeure, en ons sal met graagte die spyskaarte volgens jou spesifikasies aanpas.**

## Peuselhappies

By die aankoms in die portaal, of buite.

- ☐ Oestafel met 'n verskeidenheid tuisgebakte brood, drie kase, konfyt, neute, vars seisoenale vrugte en gegeurde olies.
- ☐ Bruschetta met salami en balasmiese asyn, roomkaaskomkom merstapel met salm en forel, en 'n filobeker met knoffelhoender.
- ☐ Verskeidenheid pasteitjies met kerrie, tamatie, pesto en spek, en mozzarellaeiervrug op roosterbrood met knoffel.

## VOORGEREG

Bedien op tafels voor gaste arriveer.

- ☐ Biltongmousse bedien met biltongskyfies en kaasstrooitjies
- ☐ Gerookte salm-, forel- en avo-rolade bedien op 'n vars tuinslaai
- ☐ Pannekoek gevul met romerige hoender en soet veselperske
- ☐ Springbokcarpaccio, snye indezi-kaas met balsamiese reduksie
- ☐ Gekrummelde sampioene met 'n tartaarsous
- ☐ Nachos bedien met salsa, suurroom en guacomole
- ☐ Bobotietertjie bedien met perskeblatjang
- ☐ Spaghettifrittata en vleisballetjies
- ☐ Klapperkerriegarnale in 'n filodeegmandjie
- ☐ Geroosterde murgpampoentjierolletjies met groente en maaskaas.

## SLAAI

- ☐ Griekse uitpakslaai
- ☐ Caprese-slaai
- ☐ Roomige baba-aartappel-en-ham-slaai
- ☐ Drieboneslaai
- ☐ Wortel-en-pynappel-slaai
- ☐ Pastaslaai met spek
- ☐ Roomige slaai met komkommer en rooi uie
- ☐ Slaai met beet, spinasie, feta en neute
- ☐ Slaai met kerriekeker-ertjies en appel
- ☐ Koolslaai met komkommer, soetrissies, wortels en vars kruie

## HOOFGEREG

- ☐ Lamsboud met 'n kruisementkors
- ☐ Geroosterde lamsboud met roosmaryn en korrelige mosterdsous
- ☐ Beeslende met groen peperkorrels
- ☐ Ryk bees-en-uiekookpotgereg
- ☐ Geroosterde binneboud met 'n knoffelrooiwynjus
- ☐ Gevulde bees braciole (beesrol) met 'n portosous
- ☐ Gerookte varkboud in 'n soet mosterdsous, met heuning geglasuur.
- ☐ Geroosterde varksboud met 'n tuisgemaakte appelsous en knapperige vel
- ☐ Tradisionele Kaapse hoenderpastei
- ☐ Hoenderbors met 'n romerige selderysous
- ☐ Hoenderschnitzel met 'n kaas sous
- ☐ Roomige knoffel-hoenderbors met spek
- ☐ Geroosterde tiemie-en-suurlemoen-hoender
- ☐ Klapper kerrie hoender met kasjoeneute

## STYSEL

- ☐ Hasselback-aartappel met gesoute botter
- ☐ Geroosterde aartappels met knoffel en roosmaryn
- ☐ Dauphinoise-aartappels in 'n room-uie-en-sampioen-sous
- ☐ Croquette-aartappels met 'n pietersielie
- ☐ Roomige babaaartappels met sprietuie
- ☐ Pietersielierys
- ☐ Gegeurde rys met gebraaide peppers, uie en kruie
- ☐ Borrierys met rosyne
- ☐ Pittige rys met kruisement en veselperske

# ONTWERP JOU SPYSKAART (VOLG)

**Ons verstaan dat jou gaste 'n uiteenlopende groep mense is met verskillende smake en voorkeure, en ons sal met graagte die spyskaarte volgens jou spesifikasies aanpas.**

## GROENTE

- ☐ Oondgeroosterde groentemengsel
- ☐ Geglasuurde oranje soetpatats
- ☐ Geroosterde botterskorsie met kaneel en suikerbotter
- ☐ Pampoen fritters met karamelsous
- ☐ Geglasuurde babawortels met 'n tikkie ginger
- ☐ Julienne-wortels met gebraaide pynappel
- ☐ Franse bone met uie en sampioene of krokante spek
- ☐ Spinasie (romerig met gekrummelde feta of met aartappel en ui)
- ☐ Gebraaide ertjies en bone met geroosterde amandels
- ☐ Broccoli en blomkool au gratin
- ☐ Gebraaide broccoli met seesout en balsamiese asyn

## NAGEREG

- ☐ Malvapoeding en vla
- ☐ Appeltert en vla
- ☐ Tipsy tert en vla
- ☐ Sjokolade poeding en vla
- ☐ Roomys en sous
- ☐ Klein melktertjies
- ☐ Peppermint Crisp-potjies
- ☐ Wildebessiekaaskoek
- ☐ Sjokoladiebruintjies
- ☐ Pavlova
- ☐ Sjokolademoussepotjies

## KOFFIE / TEE

## ADDISIONEEL (PER KWOTASIE)

### Laataand versnaperinge

- ☐ Vleis- en hoenderpasteie
- ☐ Klein biefburgers

## ETENSTYE

**Ontbyt:** 08:00 -10:30
**Middagete:** 12:00 -14:30
**Aandete:** 17:00 -20:30



# DIE VOLGENDE WORD NIE BY JOU PAKKET INGESLUIT NIE

- Gasteverblyf
- Troukoek
- Fotograaf
- Videograaf
- DJ/Orkes/Klanktoerusting
- Haarstilis, grimeerkunstenaar, skoonheidsbehandelings
- Predikant om diens te behartig
- Troukar
- Ander etes tydens die naweek
- Drapering
- Blomme
- Tafeldekor
- Ekstra beligting
- Gedrukte spyskaarte
- Blomblare
- Sitplekplasings, tafelnommers, kerkprogramme en ander skryfbehoeftes
- Buffetdekor
- Koek- en geskenktafel

### SPYSENIERING

- Alle spyseniering sal slegs deur ons personeel hanteer word, om te verseker dat die beste gehalte kos op jou groot dag bedien word.

### HARE EN GRIMERING

- Met bevestiging van jou bespreking, sal ons personeel met graagte 'n professionele haarstilis en grimeerkunstenaar vir die bruid voorstel.
- Reelings, betaling en pryse moet direk met die haarstilis of grimeerkunstenaar gereël word.

### KELNERS EN KROEGPERSONEEL

- Kelners sal nie drankiebestellings neem nie. Drankiebestellings moet persoonlik by die kroeg geplaas word.
- Indien kroegkelners benodig word, sal 'n addisionele bedrag van R300 per kroegkelner gehef word. Hierdie moet 14 dae voor die troue bevestig word.

### SKRYFBEHOEFTES EN GEDRUKTE MATERIAL

- Die bruidspaar moet alle skryfbehoeftes en gedrukte materiaal verskaf. Dit sluit tafelnommers, die sitplekaanwysings en kerkprogramme in.

# EKSTRA REËLINGS

### MUSIEK TYDENS DIE SEREMONIE EN ONTHAAL

- Trougroepe moet hulle eie klankteorusting, DJs, CDs en elektroniese toestelle voorsien.
- Met die ander gaste op die oord in gedagte, sal die musiek teen 23:00 sagter gesit, en om middernag afgesit word.







# MAAK JOU DROME 'N REALITEIT

**Om te verseker dat jou dag 'n sukses is, benodig ons die volgende inligting twee weke voor jou troudag:**

**Begintyd van die trouseremonie**
- Hierdie inligting is baie belangrik sodat ons kan verseker dat jou dag seepglad verloop.

**Totale aantal gaste**
- Insluitend volwassenes, kinders, diensverskaffers soos die DJ, fotograaf en dominee, sowel as die bruidspaar self.

**Finale spyskaartkeuses**

**Finale drankiereelings**
- Verwelkomingsdrankies, soort en hoeveelheid vonkelwyn, asook tipe en aantal bottels wyn, kontantkroeg, oopkroeg of beperkte kroeg, (betaalbaar deur die paartjie of verantwoordelike persoon).

**Sitplekplasing en vloerplan**
- Met die aantal tafels, sowel as die aantal stoele benodig per tafel — diensverskafferstafel (DJ), koektafel, geskenktafel, tafel vir verwelkomingsdrankies, kostafels, koffietafel, blommerangskikkings, dekorreelings (addisionele reelings, items of bykomstighede).

Let asseblief: Linne vir die tafels wat NIE in die standaardopsie se prys ingesluit is nie, sal addisionele onkostes tot gevolg hê, en sal die troupaartjie se verantwoordelikheid wees.





# INLIGTINGSVORM VIR JOU KWOTASIE

**Voltooi asseblief hierdie vorm so gou moontlik sodat ons met die kwotasie en reëlings vir jou spesiale dag kan begin.**
**E-pos: DVKapel@atkv.org.za**

| KONTAKBESONDERHEDE | Bruid | Bruidegom |
|---|---|---|
| Naam: | | |
| Van: | | |
| ID-no.: | | |
| Selno.: | | |
| Tel.-no.: | | |
| Faksno.: | | |
| E-posadres: | | |
| Posadres: | | |
| Straatadres: | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Troudatum: | | | Tyd van diens: | |
| Tyd vir verwelkomingsdrankies: | | | Tyd vir voorgereg: | |
| Tyd vir hoofgereg: | | | Bedieningstyd vir nagereg: | |
| Aantal gaste: | | Aantal gaste onder 12: | Tyd vir peuselhappies: | |

| | |
|---|---|
| Waar het jy van ATKV-Drakensville gehoor? | |

| | |
|---|---|
| SPYSKAART | |
| Tipe spyskaart | ☐ Amfiteater ☐ Tugela ☐ Kerkenberg |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KROEGREËLINGS | | | | | | |
| Verwelkomingsdrankies: | | | | | | |
| Aantal per tafel: | Vonkelwyn | | Wyn | | Bekers sap | |
| Tipe kroeg: | ☐ Kontantkroeg ☐ Oop kroeg ☐ Beperkte kroeg | | | | | |

# BEPALINGS EN VOORWAARDES

- Alle besprekings moet skriftelik deur albei partye, hetsy deur faks of e-pos, bevestig word.
- 'n Deposito van R7 000 is binne (7) sewe dae na die bespreking betaalbaar, gevolg deur 'n ekstra 50% van die totale beraamde koste. Hierdie bedrag is (2) twee maande na betaling van die deposito betaalbaar.
- Besprekings is onderhewig aan beskikbaarheid.
- Die standaard verblyfvoorwaardes met betrekking tot die reëls en regulasies van die oord geld.
- Tariewe kan ter enige tyd verander sonder vooraf kennisgewing.
- Dui asseblief jou naam en troudatum op die depositostrokie aan en e-pos dit na **DVKapel@atkv.org.za**
- 'n Verwysingsnommer sal met bevestiging van betaling van jou deposito aan jou rekening toegeken word. Gebruik asseblief hierdie nommer vir enige verdere betalings en korrespondensie met betrekking tot die geleentheid.
- Die finale betaling van alle uitstaande bedrae moet een week voor die onthaal betaal word.

## LET ASSEBLIEF OP ONS KANSELLASIEVOORWAARDES

In pas met die algemene gebruik in die toerismebedryf is ons kansellasievoorwaardes as volg: Sou die hele bespreking gekanselleer word, of die aantal gaste/eenhede verminder na die aanvanklike bespreking, mag die onderstaande kansellasiefooie geld.

Hierdie voorwaardes geld ook indien 'n groep 'n bespreking 'n week voor hul beplande aankoms maak, in welke geval dit binne die kansellasieperiode van 14 dae sal val.

- **61 dae of langer voor aankoms** — Geen kansellasiefooi
- **60-31 dae voor aankoms** — R100 per persoon
- **30-15 dae voor aankoms** — 50% van die totale bedrag op die faktuur
- **14-0 dae voor aankoms** — 100% van die totale bedrag op die faktuur

**Pryse mag ter eniger tyd verander sonder vooraf kennisgewing.**

ATKV RESORTS

**Ons sien uit daarna om jou troue 'n sprokiesgeleentheid te maak! Kom kuier gerus enige tyd tydens kantoorure (Maandae tot Donderdae), kontak ons by 036 438 6287 of e-pos DVKapel@atkv.org.za, indien jy enige verdere inligting benodig.**

ATKV DRAKENSVILLE